

PROVINSIALE EKSAMEN

NOVEMBER 2022

GRAAD 11

**REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 1)**

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

10 bladsye + 1 formule bladsy en 'n antwoordboek van 9 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin ALLE vrae beantwoord moet word.
3. 'n FORMULEBLAD vir die finansiële aanwysers word voorsien aan die agterkant van die vraestel. Jy kan dit gebruik indien nodig.
4. Wys ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Waar van toepassing, rond alle berekeninge af tot die naaste rand. Alle ander berekeninge moet tot een desimaalpunt gegee word.
6. Lees die instruksies van elke vraag sorgvuldig deur en volg dit noukeurig.
7. Leerders sal punte verbeur vir:
 - Die gebruik van nie-gestandaardiseerde afkortings
 - Oorskryf van syfers of woorde
 - Oorbodige/vreemde items
8. Jy mag 'n nie-geprogrameerbare sakrekenaar gebruik.
9. Jy mag blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
10. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om nie daarvan af te wyk nie.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD IN MINUTE
1	Vastebates en Interne Kontrole	25	20 minute
2	Staat van Omvattende Inkomste	50	45 minute
3	Vennootskappe	40	30 minute
4	Finansiële Aanwysers	35	25 minute
TOTAAL		150	120 minute

VRAAG 1: VASTEBATES EN INTERNE KONTROLE (25 punte; 20 minute)
RnB HANDELAARS

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot RnB Handelaars op 28 Februarie 2022, die einde van die finansiële jaar.

GEVRA:

- 1.1 Voltooi die tabel wat in jou antwoordboek voorsien word. (10)
- 1.2 Berei die Nota van Tasbare Bates voor. Toon alle berekeninge om deelpunte te verdien. (10)
- 1.3 Beantwoord die volgende vrae:
- 1.3.1 Die grond en geboue is in Januarie 2021 herwaardeer en die markwaarde is R700 000. Die finansiële rekords van RnB Handelaars weerspieël R400 000. Watter AARP beginsel word toegepas? (2)
- 1.3.2 RnB Handelaars wil in 'n vervoerbesigheid belê. Die eienaar beoog om teen die einde van Desember 2022 twee vragmotors te koop om goedere deur Suid-Afrika te vervoer. Die eienaar is bekommerd oor die hoë instandhoudingsuitgawes van vragmotors en hy het jou raad nodig. Verskaf DRIE punte. (3)

INLIGTING:

Saldo's op 1 Maart 2021			
	Kosprys	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde
Grond en geboue	400 000	(0)	400 000
Voertuie	300 000	(76 000)	224 000
Toerusting	80 000	(20 000)	60 000

TRANSAKSIES
(a) Grond en geboue:

- Gedurende Junie 2021 het die eienaar 'n paar uitbreidings aan die geboue gemaak met 'n totale koste van R120 000.
- Nadat swaar reën skade aan sommige dele van die geboue, aangerig het, het die eienaar R25 000 bestee om die stoorkamer te herstel.

(b) **Voertuie**

- Op 31 Augustus 2021, het die besigheid 'n ou voertuig wat R100 000 gekos het by Mzanzi Motorhandelaars ingeruil vir R55 000.
- Die voertuig wat ingeruil is, was gekoop op 1 Maart 2019.
- Die voertuig wat ingeruil is, het 'n opgehoopte waardevermindering van R36 000 gehad op 1 Maart 2021.
- Die koste van die nuwe voertuig wat aangekoop is, was R150 000.
- Waardevermindering op voertuie word bereken teen 20% p.j. op die verminderde saldo metode.

Toerusting:

- RnB Handelaars het op 30 November 2021 twee nuwe skootrekenaars gekoop teen 'n koste van R6 000 elk.
- Waardevermindering op toerusting word bereken teen 10% p.j. op die kosprys metode.

VRAAG 2: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
(50 punte; 45 minute)
MK HANDELAARS

Die volgende inligting was geneem uit die rekeningkundige rekords van MK Handelaars, 'n besigheid wat besit word deur die voormalige krieketspeler, Makhaya Ntini. Die laaste dag van die finansiële jaar is 30 Junie 2022.

GEVRA:

- 1.1 Stel die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) op vir die jaar geëindig 30 Junie 2022 op.

INLIGTING:

1.

Lys van sommige saldo's en totale van MK Handelaars op 30 Junie 2022	
Handelsvoorraad	81 000
Debiteurekontrole	53 000
Vaste deposito: SACB (8% p.j.)	12 500
Voorsiening vir oninbare skuld (1 Julie 2021)	1 500
Verkope	1 032 000
Koste van verkope	427 000
Debiteureafslag	32 000
Salarisse en lone	125 000
Water en elektrisiteit	25 000
Huur inkomste	47 250
Korting toegestaan	1 500
Versekering	6 400
Verpakkingsmateriaal	4 200
Skryfbehoeftes	4 100
Oninbare skuld	1 500
Mediesefondsbydrae	3 000
Korting ontvang	4 200
Rente op vaste deposito	500
Oninbare skuld verhaal	1 000
WVF bydrae	1 250
Vaardigheidsontwikkelings heffing	1 250
Bankkoste	840
Rente op oortrokke rekening	360
Diverse uitgawes	41 000

2. Aansuiwerings en addisionele inligting:

- 2.1 Verpakkingsmateriaal ter waarde van R500 is op 21 Augustus 2021 aangekoop maar verkeerdlik na die skryfbehoefterekening oorgeboek.
- 2.2 'n Kredietnota vir R225 wat op 30 Augustus 2021 aan Tendulkar uitgereik is, is nie aangeteken nie. Die voorraad is deur Tendulkar teruggestuur omdat die verkeerde kleur T-hemde aan hom gestuur is. Die winsopslag op koste vir hierdie goedere was 50%.
- 2.3 Ingesluit by die versekeringsbedrag is 'n jaarlikse premie van R2 400 betaal vir die tydperk 1 Januarie 2022 tot 31 Desember 2022.
- 2.4 Volgens 'n fisiese voorraadopname was die volgende aan die einde van die jaar voorhande:
 Handelsvoorraad, R79 100
 Verpakkingsmateriaal, R900
- 2.5 Huurinkomste sluit die huur ontvang tot 31 Julie 2022 in. Die maandelikse huur is met 10% verhoog vanaf 28 Februarie 2022.
- 2.6 Die leningstaat ontvang van ICC het die volgende gewys:

Saldo op 1 Julie 2021	42 875
Terugbetaling vir die jaar	10 000
Rente gekapitaliseer vir die jaar	??
Saldo op 30 Junie 2022	40 000

- 2.7 David Warner, 'n debiteur wie se rekening voorheen as oninbaar afgeskryf is, het op 25 Augustus 'n bedrag van R210 in die bankrekening van die onderneming gedeponeer. Die boekhouer het per abuis die bedrag in die debiteurekontrole kolom van die Kontantontvangstejoernaal ingeskryf en so oorgeboek. Maak die fout reg.
- 2.8 Die volgende inligting geneem uit die Salarisjoernaal vir Junie 2022, is nog nie in die boeke van die besigheid aangeteken nie:

Bruto salaris	30 000
Mediesefonds aftrekkings	1 300
Pensionfonds aftrekking	700
LBS aftrekking	6 000
WVF aftrekking	300
Mediesefonds bydrae	2 600
WVF bydrae	300
VOH bydrae	300

- 2.9 Die rekening van Gibbs, 'n debiteur, wat R450 skuld moet afgeskryf word, omdat dit aan die lig gekom het dat hy die land verlaat het en om in Japan krieket te speel.

- 2.10 Voorsiening vir oninbare skuld moet met R200 verminder word.
- 2.11 Van die rente op vaste deposito is uitstaande. Rente word nie gekapitaliseer nie.
- 2.12 Die water en elektrisiteitrekening vir Augustus 2022 is ontvang maar nog nie betaal nie, R5 000.
- 2.13 Waardevermindering vir die jaar bereken was R27 470.

50

VRAAG 3: VENNOOTSKAPPE

(40 punte; 30 minute)

BRYAN ADAMS WINKELS

Die volgende inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van Bryan Adam Winkels met vennote A. Bryan en B. Adam. Hul finansiële jaar eindig jaarliks op 28 Februarie. **Rond asseblief alle antwoorde af tot die naaste rand waar nodig.**

REQUIRED:

- 3.1 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs Waar of Onwaar langs die nommers 3.1.1 tot 3.1.5 in die ANTWOORDBOEK.
- 3.1.1 Eienaarsbelang by vennootskappe bestaan slegs uit kapitaal en onttrekkings.
- 3.1.2 Alle lopende rekeninge is bedryfslaste.
- 3.1.3 Die vennootskapsooreenkoms bepaal die hoeveelheid kapitaal wat deur elke vennoot tot die besigheid moet bydra.
- 3.1.4 Die vennote se verdienste word in die Kapitaalrekening aangeteken.
- 3.1.5 Die vennote kan kies wanneer hulle hulle kapitaalrekening wil verhoog of verminder sonder om die ander vennote in te lig. (5)
- 3.2 Gebruik die inligting hieronder om die Privaatrekening Nota op 28 Februarie 2022 op te stel. (23)
- 3.3 Stel die Ekwiteit en Laste-afdeling van die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 28 Februarie 2022. Waar notas nie vereis word nie, toon alle berekeninge in hakies om deelpunte te verdien. (12)

INLIGTING:

1. Die volgende saldo's het onder andere in die boeke van Bryan Adam Winkels verskyn op 28 Februarie 2022:

Kapitaal: A. Bryan	200 000
Kapitaal: B. Adam	100 000
Privaatrekening: A. Bryan (1 Maart 2021)	(Cr) 6 300
Privaatrekening: B. Adam (1 Maart 2021)	(Dr) 1 400
Onttrekkings: A. Bryan (Sien nr. 4 onder.)	???
Onttrekkings: B. Adam	132 600
Lening: AB Bank (Sien nr. 6 onder.)	???
Handels en ander betaalbares (Sien nr. 5 onder.)	45 050
Bank Oortrokke	11 940

2. Die netto wins soos bereken in die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022 beloop R311 300.

3. Die vennootskapsooreenkoms bepaal die volgende:

3.1 Vennote sal die volgende salarisse ontvang:

- A. Bryan – R6 700 per maand
- B. Adam – R102 000 per jaar

3.2 A. Bryan behoort 'n bonus van R16 000 te ontvang vir ekstra dienste gelewer.

3.3 Die vennote moet 15% rente per jaar op hul kapitaal ontvang.
Die koers is op 1 September 2021 na 18% per jaar verander.

NOTA:

(a) A. Bryan het sy kapitaal op 1 Desember 2021 met 40 000 verhoog – dit was behoorlik geboekstaaf.

(b) B. Adam het sy kapitaalbydrae met R20 000 op 1 September 2021 verminder – dit is nie geboekstaaf nie aangesien die rekenmeester siek was op die dag van die transaksie.

3.4 Winste of verliese word verdeel in die verhouding 5 : 2 for A. Bryan en B. Adam onderskeidelik.

4. A. Bryan het die volgende gedurende die jaar onttrek:

- Aan die einde van elke maand 'n bedrag gelykstaande aan sy maandelikse salaris, volgens die vennootskapsooreenkoms.
- 'n Eenmalige kontantonttrekking van R4 670 EN handelsvoorraad met 'n kosprys van R8 790 vir persoonlike gebruik.

5. Die besigheid het huurinkomste vir 2 maande vooruit ontvang, R10 500.
6. Die lening van AB Bank is op 31 Januarie 2020 aangegaan. 'n Terugbetaling van R15 000 word jaarliks op 28 Februarie gemaak. Die betaling vir die jaar is op 28 Februarie 2022 gemaak, maar dit is nie in die boeke van die besigheid aangeteken nie.
7. Die skuld : ekwiteitsverhouding vir 2022 is 0,4 : 1

40
VRAAG 4: FINANSIËLE AANWYSERS
(35 punte; 25 minute)
VERMAAK ONTWERPERS

Die inligting hieronder verskaf is uit die Finansiëlestate van Vermaak Ontwerpers geneem. Vennote Verma en Marcus het hul interieurontwerpbesigheid in 2019 begin.

GEVRA:

Beantwoord die onderstaande vrae in die ANTWOODBOEK wat verskaf is.

Nota: Waar van toepassing, moet alle antwoorde finansiële aanwyser en syfers insluit. **Rond alle antwoorde af tot een desimale plek.**

- 4.1 Bereken die persentasie opbrengs verdien op gemiddelde ekwiteit vir die besigheid vir 2022. (5)
- 4.2 Bereken die persentasie opbrengs verdien deur Verma op sy gemiddelde ekwiteite vir 2022. (5)
- 4.3 Lewer kommentaar oor die twee finansiële aanwysers van die besigheid genoem in VRAE 4.1 en 4.2. (4)
- 4.4 Bereken die Skuld : Ekwiteitsverhouding vir 2022. (4)
- 4.5 Was dit na jou mening, 'n goeie idee om die lening te verhoog? Motiveer jou antwoord. (4)
- 4.6 Bereken die bedryfskapitaalverhouding vir 2022. (3)
- 4.7 Bereken die vuurproefverhouding vir 2022. (4)
- 4.8 Lewer kortliks kommentaar oor die likiditeitsposisie van die onderneming vir 2022. Verskaf TWEE finansiële aanwysers met syfers. (6)

INFORMATION:

1. **Uittreksel van die Inkomstestaats vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022**

	2022	2021
Omset	570 000	600 000
Koste van verkope	380 000	450 000
Bruto wins	190 000	150 000

2. **Uittreksel van die Balansstaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022:**

	2022	2021
Nie-Bedryfsbates	690 000	459 000
Bedryfsbates	160 000	145 000
Inventarisse	95 000	91 000
Eienaarsbelang	420 000	234 000
Kapitaal: Verma	200 000	160 000
Kapitaal: Marcus	200 000	80 000
Privaatrekening: Verma	8 000	2 000
Privaatrekening: Marcus	12 000	(8 000)
Nie-Bedryfslaste	360 000	280 000
Bedryfslaste	70 000	90 000

3. **Addisionele inligting:**

- 3.1 Die netto wins vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022 beloop R58 000.
- 3.2 Vennoot Verma het 'n totaal van R37 000 verdien vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2022.
- 3.4 **Die volgende finansiële aanwysers was bereken vir 2021:**

Verhouding	Resultate
Opbrengs verdien op besigheid se ekwiteit	24%
Opbrengs verdien deur Verma	26%
Opbrengs verdien deur Marcus	23%
Skuld: Ekwiteitsverhouding	1,2 : 1
Omsetsnelheid van voorraad	9 keer
Bruto wins as 'n persentasie van koste van verkope	33⅓%
Rente op vaste deposito	9%
Bedryfskapitaalverhouding	1,6 : 1
Vuurproefverhouding	0,6 : 1

- 3.5 Die rentekoers op die lening van Rand Bank is 21% p.j. en die rente betaal gedurende die huidige jaar het R57 600 beloop.

BYLAE
FORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale Verdienste deur Vennoot}}{\text{Gemiddelde Vennotebelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Gemiddelde Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates: Bedryfslaste	Bedryfsbates – Voorraad: Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde Debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde Krediteure}}{\text{Kredietaankope of Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde Voorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde Voorraad}}$	
Nie Bedryfslaste: Vennotebelang	Totale Bates: Totale Laste	
$\frac{\text{Vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid} - \text{Veranderlike koste per eenheid}}$		



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE EKSAMEN

NOVEMBER 2022

GRAAD 11

**REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 1)**

ANTWOORDBOEK

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

9 bladsye

Naam van skool	
Naam van leerder	
Graad	
Datum	

VRAAG	ONDERWERP	MAKSIMUM PUNTE	PUNTE BEHAAL	GEMODEREERDE PUNTE
1	Vastebates en Interne Kontrole	25		
2	Staat van Omvattende Inkomste	50		
3	Vennootskappe	40		
4	Finansiële Aanwysers	35		
	Totaal	150		

VRAAG 1: VASTEBATES EN INTERNE KONTROLE

(25 punte; 20 minute)

1.1 Berekening: Waardevermindering

Voertuie		
Verkoop	Oorblywende (oud)	Nuut
Totale waardevermindering vir huidige jaar:		

Toerusting	
Oud	Nuut
Totale waardevermindering vir huidige jaar:	

10

1.2

Tasbare Bates	Grond en Geboue	Voertuie	Toerusting
Drawaarde op (01-03-2021)	400 000	224 000	60 000
Kosprys	400 000	300 000	80 000
Opgehoopte waardevermindering		(76 000)	(20 000)
Beweging			
Toevoeging teen kosprys			12 000
Bateverkope teen drawaarde			
Waardevermindering			
Drawaarde op (28-02-2022)			
Kosprys	520 000	350 000	92 000
Opgehoopte waardevermindering			

10

1.3.1

Die grond en geboue is in Januarie 2021 herwaardeer en die markwaarde is R700 000. Die finansiële rekords van RnB Handelaars weerspieël R400 000. Watter AARP beginsel word toegepas?	(2)

1.3.2

Die eienaar is bekommerd oor die hoë instandhoudingsuitgawes van vragmotors en hy het jou raad nodig. Verskaf DRIE punte.	(3)

TOTALE PUNTE

25

VRAAG 2: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
(50 punte: 45 minute)
MK Handelaars
Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 2022

Verkope (1 032 000	
Koste van verkope (427 000	
Bruto wins	
Ander bedryfsinkomste	
Huurinkomste (47 250	
Korting ontvang	4 200
Bruto bedryfsinkomste	
Ander bedryfsuitgawes	
Salarisse en lone	
Water en elektrisiteit	
Korting toegestaan	1 500
Versekering	
Verpakkingsmateriaal (4 200	
Skryfbehoeftes (4 100	
Oninbare skuld	
Mediesefondsbydrae	
WVF bydrae	
Vaardigheidsontwikkelings heffing	
Bankkoste	
Diverse uitgawes	41 000
Bedryfswins	
Wins voor rente-uitgawe	
Netto wins vir die jaar	

50
TOTALE PUNTE
50

VRAAG 3: VENNOOTSKAPPE

(40 punte: 30 minute)

3.1

3.1.1	
3.1.2	
3.1.3	
3.1.4	
3.1.5	

5

Bryan Adam Winkels

Notas tot die Finansiële State op 28 Februarie 2022

3.2

Privaatrekeninge	A. Bryan	B. Adam	Totaal
Netto wins volgens inkomstestaat			
Vennote salarisse			
Vennote bonusse	16 000	0	
Vennote rente op kapitaal			
Primêre verdeling van wins			
Finale verdeling van wins			
Onttrekkings vir die jaar			
Behoue inkomste vir die jaar			
Saldo aan die begin van die jaar			
Saldo aan die einde van die jaar			

23

Bryan Adam Winkels

Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2022

3.3

EKWITEIT EN LASTE		
EIENAARSBELANG		
Kapitaal		280 000
Privaatrekeninge		
NIE- BEDRYFSLASTE		
Lening: AB Bank		
BEDRYFSLASTE		
Handels en ander betaalbares		
Bank oortrokke		
Korttermyn lening		
TOTALE EKWITEIT EN LASTE		

12

Berekening van onttrekkings: A. Bryan

Berekening van salarisse: A. Bryan

Berekening van rente op kapitaal: A. Bryan

Totaal

Berekening van rente op kapitaal: B. Adam

Totaal

Berekening van gedeelte van
oorblywende wins/verlies: A. Bryan

Berekening van gedeelte van
oorblywende wins/verlies: A. Bryan

Berekening van lening

TOTALE PUNTE

40

VRAAG 4: FINANSIËLE AANWYSERS

(35 punte; 25 minute)

4.1	Bereken die persentasie verdien opbrengs op gemiddelde ekwiteit vir die besigheid vir 2022.	(5)
4.2	Bereken die persentasie opbrengs verdien deur Verma op sy gemiddelde ekwiteite vir 2022.	(5)
4.3	Lewer kommentaar op die twee opbrengs finansiële aanwysers van die besigheid genoem in VRAE 4.1 en 4.2.	(4)
4.4	Bereken die Skuld : Ekwiteitsverhouding vir 2022.	(4)

4.5	Na jou mening, was dit 'n goeie idee om die lening te verhoog? Motiveer jou antwoord.	(4)
4.6	Bereken die bedryfskapitaalverhouding vir 2022.	(3)
4.7	Bereken die vuurproefverhouding vir 2022.	(4)
4.8	Lewer kortliks kommentaar oor die likiditeitsposisie van die onderneming vir 2022. Verskaf TWEE finansiële aanwysers met syfers	(6)

TOTALE PUNTE

35

TOTAAL: 150

EINDE

PROVINSIALE EKSAMEN

NOVEMBER 2022

GRAAD 11

NASIENRIGLYNE

REKENINGKUNDE (VRAESTEL 1)

9 bladsye

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (Geen vreemde-item strafpunte vir misplaasde items nie). Geen dubbelpenaliserings toepassing nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoorde. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringssyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakies voorsien word nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir hierdie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Waar metode punte toegeken word vir bewerkings, moet die nasiener die redelikheid van die antwoord ondersoek en ten minste een deel moet korrek wees voordat die punt toegeken word.
9. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. In sulke gevalle, moet nie die metode punt toeken nie. Dui deur middel van ☒.
10. Wees bewus van kandidate wat geldige alternatiewe buite die memorandum bied.
11. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

VRAAG 1: VASTEBATES EN INTERNE KONTROLE

(25 punte; 20 minute)

1.1 Berekening: Waardevermindering

Voertuie		
Verkoop	Oorblywende (oud)	Nuut
$100\,000 - 36\,000 = 64\,000$ $64\,000 \times 20\% = 12\,800$ $= 12\,800 \times \frac{6}{12} = 6\,400 \checkmark\checkmark$	$300\,000 - 100\,000 = 200\,000 \checkmark$ $76\,000 - 36\,000 = 40\,000 \checkmark$ $160\,000 \times 20\% = 32\,000 \checkmark$	$150\,000 \times 20\% = 30\,000$ $= 30\,000 \times \frac{6}{12} = 15\,000 \checkmark\checkmark$
Totale waardevermindering vir huidige jaar: $6\,400 + 32\,000 + 15\,000 = 53\,400$		

Toerusting	
Oud	Nuut
$80\,000 \times 10\% = 8\,000 \checkmark$	$6\,000 \times 2 = 12\,000$ $12\,000 \times 10\% = 1\,200$ $= 1\,200 \times \frac{3}{12} = 300 \checkmark\checkmark$
Totale waardevermindering vir huidige jaar: $8\,000 + 300 = 8\,300$	

1.2

Tasbare Bates	Grond en Geboue	Voertuie	Toerusting
Drawaarde op (01-03-2021)	400 000	224 000	60 000
Kosprys	400 000	300 000	80 000
Opgehoopte waardevermindering		(76 000)	(20 000)
Beweging			
Toevoeging teen KOSPRYS	√ 120 000	√ 150 000	12 000
Bateverkope teen drawaarde		√√ (57 600)	
Waardevermindering		☑ (53 400)	☑ (8 300)
Drawaarde op (28-02-2022)	520 000	☑ 263 000	☑ 63 700
Kosprys	520 000	350 000	92 000
Opgehoopte waardevermindering		☑ (87 000)	☑ (28 300)

10

1.3.1 Die grond en geboue is in Januarie 2021 herwaardeer en die markwaarde is R700 000. Die finansiële rekords van RnB Handelaars weerspieël R400 000. Watter AARP beginsel word toegepas?

(2)

Historiese koste konsep √√

1.3.2 Die eienaar is bekommerd oor die hoë instandhoudingsuitgawes van vragmotors en hy het jou raad nodig. Verskaf DRIE punte.

(3)

- Hou 'n logboek.
- Installeer opsporingstoestelle in alle trokke.
- Neem 'n instandhoudings- of diensplan uit.

√√√ Enige DRIE aanvaarbare antwoorde.

TOTAAL: 25

VRAAG 2: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

(50 punte: 45 minute)

MK Handelaars

Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 2022

Verkope (1 032 000 – 32 000 $\sqrt{}$ – 225 $\sqrt{}$)	☒ 999 775
Koste van verkope (427 000 – 150 $\sqrt{}$)	☒ (426 850)
Bruto wins	☒ 572 925
Ander bedryfsinkomste	☒ 49 010
Huurinkomste (47 250 – 3 850 $\sqrt{}$)	☒ 43 400
Korting ontvang	4 200
Oninbare skulde ingevorder (1 000 + 210 $\sqrt{}$)	☒ 1 210
Voorsiening vir oninbare skuld aangesuiwer	$\sqrt{}$ 200
Bruto bedryfsinkomste	☒ 621 935
Ander bedryfsuitgawes	☒ (281 110)
Salarisse en lone (125 000 + 30 000)	$\sqrt{}$ 155 000
Water en elektrisiteit (25 000 + 5 000)	$\sqrt{}$ 30 000
Korting toegestaan	1 500
Versekering (6 400 – 1 200)	$\sqrt{}$ 5 200
Verpakkingsmateriaal (4 200 + 500 $\sqrt{}$ – 900 $\sqrt{}$)	☒ 3 800
Skryfbehoeftes (4 100 – 500 $\sqrt{}$)	☒ 3 600
Oninbare skuld (1 500 + 450)	$\sqrt{}$ 1 950
Mediesefondsbydrae (3 000 + 2 600)	$\sqrt{}$ 5 600
WVF bydrae (1 250 + 300)	$\sqrt{}$ 1 550
Vaardigheidsontwikkelings heffing (1 250 + 300)	$\sqrt{}$ 1 550
Bankkoste	$\sqrt{}$ 840
Diverse uitgawes	41 000
Handelsvoorraad tekort (81 000 + 150 $\sqrt{}$ – 79 100 $\sqrt{}$)	☒ $\sqrt{}$ 2 050
Waardevermindering	$\sqrt{}$ 27 470
Bedryfswins	☒ 340 825
Rente inkomste (500 + 500)	$\sqrt{}$ 1 000
Wins voor rente-uitgawe	☒ 341 825
Rente uitgawe (360 + 7 125 $\sqrt{}$)	☒ (7 485)
Netto wins vir die jaar	☒ 334 340

TOTAAL: 50

VRAAG 3: VENNOOTSKAPPE

(40 punte; 30 minute)

3.1	3.1.1	Onwaar ✓
	3.1.2	Onwaar ✓
	3.1.3	Waar ✓
	3.1.4	Onwaar ✓
	3.1.5	Onwaar ✓

5

Bryan Adam Winkels

Notas tot die Finansiële State op 28 Februarie 2022

3.2	Privaatrekeninge	A. Bryan	B. Adam	Totaal
	Netto wins volgens inkomstestaat	174 600	136 700	✓ 311 300
	Vennote salarisse sien berekening onder	✓✓ 80 400	✓ 102 000	182 400
	Vennote bonusse	16 000	0	16 000
	Vennote rente op kapitaal sien berekening onder	✓✓✓ 28 200	✓✓ 14 700	42 900
	Primêre verdeling van wins	☑ 124 600	☑ 116 700	☑ 241 300
	Finale verdeling van wins sien berekening onder	☑ 50 000	☑ 20 000	☑ 70 000
	Onttrekkings vir die jaar sien berekening onder	✓✓ (93 860)	✓ (132 600)	(226 460)
	Behoue inkomste vir die jaar	80 740	4 100	84 840
	Saldo aan die begin van die jaar	✓ 6 300	✓ (1 400)	4 900
	Saldo aan die einde van die jaar	☑ 87 040	☑ 2 700	☑ 89 740

23

Bryan Adam Winkels

Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2022

3.3	EKWITEIT EN LASTE		
	EIENAARSBELANG		☒ 369 740
	Kapitaal		280 000
	Privaatrekeninge		☒ 89 740
	NIE- BEDRYFSLASTE		147 896
	Lening: AB Bank (Moenie minus 15 000 aanvaar nie)		☒ ☒ 147 896 sien berekening onder
	BEDRYFSLASTE		☒ 82 490
	Handels en ander betaalbares (45 050 ☒ + 10 500 ☒)		☒ 55 550
	Bank oortrokke		11 940
	Korttermyn lening		☒ 15 000
	TOTALE EKWITEIT EN LASTE		☒ 600 126

12

Berekening van onttrekkings: A. Bryan

$$6\,700 \times 12 = 80\,400 \quad \checkmark \text{ punt vir beide} + 4\,670 + 8\,790 = 93\,860$$

Berekening van salarisse: A. Bryan

$$6\,700 \times 12 = 80\,400 \quad \checkmark \checkmark$$

Berekening van rente op kapitaal: A. Bryan

$$160\,000 \times 15\% = 24\,000 \qquad 24\,000 \times \frac{6}{12} = 12\,000 \checkmark$$

$$160\,000 \times 18\% = 28\,800 \qquad 28\,800 \times \frac{3}{12} = 7\,200 \checkmark$$

$$200\,000 \times 18\% = 36\,000 \qquad 200\,000 \times \frac{3}{12} = 9\,000 \checkmark$$

$$\text{Totaal} = 12\,000 + 7\,200 + 9\,000$$

Berekening van rente op kapitaal: B. Adam

$$100\,000 \times 15\% = 15\,000 \qquad 15\,000 \times \frac{6}{12} = 7\,500 \checkmark$$

$$80\,000 \times 18\% = 14\,400 \qquad 14\,400 \times \frac{6}{12} = 7\,200 \checkmark$$

$$\text{Totaal} = 7\,500 + 7\,200 = 14\,700$$

**Berekening van gedeelte van
oorblywende wins/verlies: A. Bryan**

$$70\,000 \times \frac{5}{7} = 50\,000$$

**Berekening van gedeelte van
oorblywende wins/verlies: A. Bryan**

$$70\,000 \times \frac{2}{7} = 20\,000$$

Berekening van lening**Vanaf eienaarsbelang**

$$369\,740 \checkmark \quad \times \quad 0,4 \checkmark \quad = \quad 147\,896 \checkmark$$

TOTAAL: 40

VRAAG 4: FINANSIËLE AANWYSER

(35 punte; 25 minute)

4.1	Bereken die persentasie opbrengs verdien op gemiddelde ekwiteit vir die besigheid vir 2022.	(5)
	$= \frac{58\,000}{(420\,000 + 234\,000) \sqrt{\frac{1}{2}}} \times 100$ 654 000 2 punte 327 000 3 punte $= 17,74\% \quad \checkmark$	
4.2	Bereken die persentasie opbrengs verdien deur Verma op sy gemiddelde ekwiteite vir 2022.	(5)
	$= \frac{37\,000}{(160\,000 + 200\,000 + 2\,000 + 8\,000) \sqrt{\frac{1}{2}}} \times 100$ 370 000 2 punte 185 000 3 punte $= 20\% \quad \checkmark$	
4.3	Lewer kommentaar op die twee opbrengs finansiële aanwysers van die besigheid genoem in VRAE 4.1 en 4.2.	(4)
	Verhouding met tendens $\sqrt{\frac{1}{2}}$ Gevolgtrekking $\sqrt{\frac{1}{2}}$ Die % opbrengs verdien op ekwiteit vir die onderneming het afgeneem van verlede jaar se 24% tot vanjaar se 17,74% in 2022. Die opbrengs wat Verma verdien het, het ook afgeneem van 26% in 2021 tot 20% in 2022. Oor die algemeen neem die opbrengs van die besigheid af, maar is steeds bo die gemiddeld van ongeveer 9% wat verdien kan word op buite beleggings soos 'n vaste deposito.	
4.4	Bereken die Skuld : Ekwiteitsverhouding vir 2022	(4)
	$360\,000 \sqrt{\frac{1}{2}} : (200\,000 + 200\,000 + 8\,000 + 12\,000) \sqrt{\frac{1}{2}}$ $360\,000 : 420\,000$ $0,86 : 1 \quad \checkmark$	

4.5	Na jou mening, was dit 'n goeie idee om die lening te verhoog? Motiveer jou antwoord.	(4)
	Ja dit was 'n goeie idee om die lening te verhoog. ✓ Die skuld : ekwiteitsverhouding ✓ het verbeter van 1,2:1 in 2021 tot 0,86:1 in 2022. Die besigheid het nou meer van sy eie kapitaal as geleende fondse. ✓ Die besigheid het ook minder riskant geword in vergelyking met verlede jaar. ✓ OF Nee, dit was nie 'n goeie idee om die lening te verhoog nie. ✓ Alhoewel die skuld : ekwiteitsverhouding ✓ het verbeter van 1,2:1 in 2021 tot 0,86:1 in 2022. Die besigheid het nou meer van sy eie kapitaal as geleende fondse. ✓ Die besigheid is steeds hoogs gerat/hoë risiko. ✓	
4.6	Bereken die bedryfskapitaalverhouding vir 2022.	(3)
	Bedryfsbates : Bedryfslaste 160 000 ✓ : 70 000 ✓ 2,29 : 1 ✓	
4.7	Bereken die vuurproefverhouding vir 2022.	(4)
	160 000 ✓ – 95 000 ✓ : 70 000 ✓ 65 000 : 70 000 0,93 : 1 ✓	
4.8	Lewer kortliks kommentaar oor die likiditeitsposisie van die onderneming vir 2022. Verskaf TWEE finansiële aanwysers met syfers.	(6)
	Verhouding ✓✓ Tendens ✓✓ Gevolgtrekking ✓✓ Die likiditeit van die besigheid is besig om te verbeter. Die bedryfskapitaalverhouding het verbeter van 1,6 : 1 in 2021 tot 2,29 : 1 in 2022. Die vuurproefverhouding het ook verbeter van 0,6 : 1 in 2021 tot 0,93 : 1 in 2022. Die besigheid is meer likied in vergelyking met verlede jaar en hulle sal hul bates vinniger en meer doeltreffender in likiede kontant kan omskakel. MOENIE OMSETSNELHEID VAN VOORRAAD AANVAAR NIE.	

TOTAAL: 35

TOTAAL: 150